Teksgedeelte: Galasiërs 3

Teksverse: Galasiërs 3:24-25

Tema: Skool is uit. Lééf nou die vryheid in Christus!

Verbeel jou `n kind wat só lief is vir skool, dat hy elke jaar matriek druip net om in die skool te bly. Om eerlik te wees, ek dink nie ek het al ooit `n jongmens ontmoet wat só lief is vir skool nie! `n Groep onderwysers wat heeldag jou oppas en jou druk om te werk, is alles behalwe lekker!

Dit is die beeld wat Paulus hier gebruik oor wat die rol van die Wet was voordat Jesus Christus gekom het. Paulus praat hier van "toesig hou" of `n "tugmeester" of `n "school master" soos die Engelse vertaling hierdie woord vertaal. Die woord wat hier vir die "toesighouer" gebruik word, is *pedagoog*.

Tog was `n pedagoog nie dieselfde as die onderwysers van vandag nie. Hierdie pedagoog was gewoonlik `n slaaf wat hierdie kind, voor puberteit, moes leer hoe om op te tree, hoe om sekere take in en om die huis te verrig, watter kennis nodig is om die familie besigheid oor te neem en hoe om verskillende situasies te hanteer. Hierdie pedagoë, of lewensonderwysers, was dikwels baie brutaal. Omdat hulle slawe was, het hulle dikwels hulle eienaars se kinders soos slawe hanteer.

Só, sê Paulus, het die Wet ons hanteer! Die Wet het ons gewys hóé ons moet lewe, maar die aanklagte en houe en strawwe van die sonde, wat die Wet uitgedeel het, het tegnies elkeen van ons gebreek. Met elke asemteug waarmee die Wet ons wou leer hóé om te lewe, het die Wet ons ook veroordeel en ons gewys op ons gebrokenheid.

Ja, die Wet het ons na Jesus Christus toe gewys, maar deur die Wet het Christus vêr van ons af gestaan. Hy was maar `n skadubeeld, sonder `n gesig, wat op die horison op ons gewag het. Ook dit is wat gebeur wanneer ons elke keer na die Wet van die Here luister en verwag dat ons daardeur gaan leer hoe om ons verlossing uit te leef. Die Wet maak nie Jesus Christus en sy groot genade aan ons bekend nie, maar wys ons op Hom, terwyl Christus eintlik toegemaak word deur al die seremonies en rituele van die Ou Testament.

Daarom dat Paulus só ontsteld is wanneer hierdie gemeente in Galase hulle self weer onder die Wet wil indwing. Jesus Christus is só aan hulle bekend gemaak dat hulle Hom as't ware aan die kruis kon sien hang het, maar hierdie gemeente wil eerder die skaduwee van Christus in die Wet soek en só probeer leef. Want sien, hierdie belofte waaraan elkeen van ons deel kry deur die geloof in Jesus Christus, is `n lewe in oorvloed. Dit is `n lewe waarin ek geseënd is, sodat ek met oorgawe die koningskap en die lewe in Jesus Christus kan lééf!

Juis dit wat die Wet nie kon doen nie (om vir my lewe in oorvloed te gee), kom Jesus Christus en Hy doen dit deur as `n vervloekte aan die kruis te sterf. Só, in Jesus

Christus leer ons hóé om werklik te leef. Nou kan ons, deur die krag van die Heilige Gees en die geloof, werklik leef soos Christus wil hê ons moet lewe!

Die Wet sou ons geleer het dat ons iemand moet vergeld wat ons seer maak - `n oog vir `n oog en `n tand vir `n tand. Christus leer ons die oorvloed van die lewe deur te sê dat ons nou die ander wang kan draai wanneer ons geslaan word, want dit is nie ons wat die reg het om te straf en om te vergeld nie. Die Wet sou ons geleer het dat ons nie mag steel nie en nie mag begeer nie. Christus leer ons om mekaar se belange te bevorder en mekaar se eiendom te beskerm. Die Wet leer ons dat ons geen afbeelding van God mag maak en dit aanbid nie. Christus leer ons dat Hy die Vader is en Wie Hom sien, sien die Vader.

Daarom dat, elke keer wat die Wet na ons toe kom, ons verby dit kan kyk en Christus kan soek. Daarom dat die Wet nie meer vir ons net die straf op ons sonde wys nie, maar dat dit ons herinner aan die onbeskryflike genade wat ons in Jesus Christus gevind het. Daarom dat ons weer aan ons vryspraak kan vashou as ons na die Wet luister. Ons luister nie op Sondae na die Wet van die Here net om ons sonde te hoor nie, maar in die eerste plek om God se genade in Jesus Christus te beleef!

Só vind ons in Christus werklike lewe. So vind ons in Christus vryheid om te leef soos ons nou, as volwasse gelowiges, geleer het om te leef. In Christus het die lewenskool uitgekom. Ons het "gematrikuleer" om die vryheid en werklike lewe in Christus te vind. Luister dan nou na die Wet van die Here, maar hoor ook hoe ons die volheid van die lewe in Jesus Christus vind!

Lees die Tien Gebooie met aanhalings uit die Nuwe Testament vir elke gebod.I

<u>Alternatiewe wetlesing</u>

	Eksodus 20	Vervulling in Christus	Teksgedeelte
1	"Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie..."	"Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie."	Matteus 6:24
2	"Jy mag nie vir jou `n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sonders van hulle vaders toe ,	"As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom. Toe sê Filippus vir Hom: 'Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.' En Jesus sê vir hom: 'Ek is al so	Johannes 14:7-9

	selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste gesalg van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam..."	lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'?"	
3	"Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie..."	"Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:... Daarom het God Hom ook tot die hoofste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: 'Jesus Christus is Here!' tot eer van God die Vader."	Filippense 2:5, 9-11
4	"Sorg dat jy die sabbatdag heilig jou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig..."	"Eenkeer toe Jesus op `n sabbatdag tussen gesaaides deur loop, het sy dissipels so in die loop are begin afpluk. Die Fariseërs sê toe vir Hom: 'Kyk daar? Waarom doen hulle iets wat nie op die sabbatdag gedoen mag word nie?' Hy sê toe vir hulle: 'Het julle nog nooit gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne nie kos gehad het nie en honger gekry het? Hy het in die tyd van die hoëpriester Abjatar in die huis van God ingegaan en van die offerbrood geëet, wat niemand anders as die priesters mag geëet het nie, en ook vir sy manne daarvan gegee." Jesus het verder vir hulle gesê: "Die	Markus 2:23-28

		sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie. Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die sabbat.”	
5	“Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee...”	“Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. ‘Eer jou vader en jou moeder’ is `n baie belangrike gebod. En daar is nog `n belofte by: ‘sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.’ En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.”	Efesiërs 6:1-4
6	“Jy mag nie moord pleeg nie...”	“Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: ‘Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank’. Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir `n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir `n idioot, is strafbaar met die helse vuur.”	Matteus 5:21-22
7	“Jy mag nie egbreuk pleeg nie...”	“Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie.’ Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na `n vrou	Matteus 5:27-28

		kyk en haar begeer ,het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.”	
8	“Jy mag nie steel nie...”	“Daarmee het ek glad nie die onsedelikes of die geldgieriges, bedrieërs of afgodsdienaars van hierdie wêreld bedoel nie, want om hulle te vermy, sou julle uit die wêreld moes padgee. Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself `n gelowige noem, maar wat onsedelik of geldgierig of `n afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie....Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaar of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.”	1 Korintiërs 5:10-11 en 6:10
9	“Jy mag nie vals getuienis teen `n ander gee nie...”	“Maar Jesus sê vir hulle: ‘As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af gekom, en hier is Ek nou. Ek het immers ook nie uit my eie gekom nie, maar Hy het My gestuur. Waaorm begryp julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle my boodkap nie kan verstaan nie! Julle is	Johannes 7:42-44

		kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af `n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is `n leuenaar en die vader van die leuen.”	
10	“Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie `n slaaf of slavin, `n bees of `n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.”	“...Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die kjoninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.”	Matteus 6:32b-33